
Ek verseker julle: As julle iets hiervan vir een van my broers of susters gedoen het, selfs al was dit vir die heel eenvoudigste onder hulle, het julle dit vir My gedoen.

(Matt 25:40)







Ma's -vi- Wellington

..wees Jesus se hande en voete

AUGUSTUS 2010 NUUSBRIEF

# 'n JAAR VAN DANKBAARHEID & GROEI

**2010 :** Die jaar van groot sokker opgewondenheid hier in ons land. Groot stadions is gebou, baie wedstryde is gespeel en uiteindelik is die wenner aangewys en die trofee oorhandig. Hier in Egoli was dit ook 'n tyd van groot opgewondenheid, van oorwinnings in Jesus Christus. Ons span van mammas wat omgee, het net groter en groter geword en die kindertjies, net méér en méér. Voor ons, ons oë kon uitvee, het die getal kinders wat Dinsdae en Donderdae hier by die Colibri-saal kom saam kuier, verdubbel van 200 tot oor die 400! Soos die kindertjies meer geword het, het die liefde tussen hierdie vier mure ook net meer en meer geword – liefde vir elke kind se voetjies wat oor hierdie drumpel stap, liefde vir elke mamma wat help sonder om enige vergoeding te verwag, liefde vir ons Hemelse Vader wat hierdie liefdesdaad moontlik maak.



Soos Henry Ward Beecher eenkeer gesê het: "Ek het nie geweet hoe om te aanbid, voordat ek geleer het hoe om lief te hê nie.."

**Hier in Egoli leer die Here ons om deur die oë van 'n kind lief te hê .**

# KOSPAKKIES VIR DESEMBER

2009 is op ’n hoogtepunt afgesluit deurdat ons aan elke kind se huishouding ’n kospakkie kon voorsien om hulle deur die Desember vakansie te dra. Ons het só, meer as 260 gesinne geseën met ‘n kospakkie wat bestaan het uit: meel, suiker, sop, rys, soja, blikkie vleis, groente, koekies, koeldrank en vele meer.



Waar ons vandag nog in die huisies ingaan, sien ons die vers op die muur geplak wat saam met die kos uitgedeel is...






# TASSE VIR ‘GROOT’ SKOOL



Elke jaar is daar kinders wat aanbeweeg na die “groot” skool en ons het afskeid geneem van ons maatjies deur vir elkeen ‘n skooltas te gee met ’n klomp bederfgoed: skryfbehoeftes, kosblik en bottel. Só begin die groot lewe met ‘n gebaar van liefde en omgee.



# ONS GEE NIE NET KOS UIT NIE...



## ONS LEER KINDERS van JESUS ...

Daar is tans **460 kinders** wat by ons ingeskryf is. Die kinders is in twee groepe verdeel nl 1) - kinders tussen 3 en 7 jaar wat weekliks ‘n JESUS-lessie ontvang, sing en ‘n aktiwiteite doen en 2): - die baba’s 0 tot 3 jaar wat iets ontvang om die magies vol te maak. Ons prys God dat ons tans 224 kinders tussen 3 en 7 jaar bedien met die Woord van God. Dit is wonderlik hoe God se Gees stukkende harte met Sy volkome liefde genees. Wat ‘n genade gawe dat die wêreld Jesus kan sien en leer ken deur gewonde mense se tyd, gawes en liefde. Na afloop van die lessie ontvang elke kind ‘n lekker broodjie, koeldrank en vrug.

## KINDERGROEPE:

## KINDERS 3 TOT 7 JAAR









Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die **blymoedige** gewer lief.

**2 Kor 9: 7-11**



# MAMMAS van gemeenskap LEER saam…

**Waarvoor is jy opgelei ?**




Het jy 'n diploma, graad, dalk al jou doktoraal?

**Maar hoeveel opleiding het jy in ouerskap?**

Ons mammas het besef ons moet nog SO baie leer!

Hierdie kwartaal gaan ons saam met die mammas van Egoli dieper begin delf in die Woord van God. Ons gaan een keer per week na God se "Woord-skool", waar ons aan die voete van die beste Leermeester wil sit.

Ja, ons wil weer begin leer en ons Meestersgraad by God se skool voltooi.

Bid asb. vir ons, dat ons die pad met volharding sal stap. Ons besef alte goed ons sal baie praktiese toetse moet slaag, dae op ons knieë moet deurbring en sekere dinge net moet oefen en oefen.



Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.

Kolossense 3:16

# 700 LITER SOP & 'n BOODSKAP VAN LIEFDE




Toe ek saam met Ma's vir Wellington die dag gaan sop uitdeel het, was dit nié net 'n dag van kos uitdeel in 'n arm woongebied nie. Nee, ek het veel meer daardie dag gekry as 'n "dankie" vir die sop.

Ek sien myself nie as 'n PRATER nie, ek is meer 'n DOENER. Daarom het ek gedink die dag sal ek maar net sop uitdeel en die praatwerk vir die ander los. Terwyl ek toe so deur die strate stap en luister hoe die ander praat, stap daar 'n man verby my wat onder die invloed van drank was. Ek kry dit toe oor my hart om hom te vra of hy vir Jesus ken. En daar raak ons toe aan die gesels. Hy antwoord toe ja dat hy vir Jesus ken, maar nie meer bid en Bybel lees nie, want hy huil te veel as hy met Jesus praat. Ek sê toe vir hom dat dit goed is om te huil en dat Jesus sy trane raaksien. Ek en hy het lank gesels en hy het baie vrae gevra. Ek het hom gevra om eerder sy Bybel te vat en met sy probleme na Jesus toe te gaan, eerder as om die drankbottel te vat. En dat hy nie skaam hoef te wees oor sy trane nie. Hy het belowe dat hy hard gaan probeer. Ek het hom sy naam gevra en hy het geantwoord: Daniel. Ek het vir hom gesê dat Jesus lief is vir hom. Ek het daardie dag besef dat daar nie net honger vir kos is nie, maar ook vir "Geestelike kos". Maar ek het ook gesien dat daar mense is wat ten spyte van hul omstandighede,



**Jesus se vreugde en liefde in hul huise en harte het.**





# **Warm LYFIES...** truie, musse en klere uitgedeel



Elke winter voel ons die koue aan ons lyf en dit is die tyd van die jaar wat ons klein kindertjies baie swaar kry. Ons kan met groot dankbaarheid vertel van alles wat die Here vir ons kinders gegee het, om hulle lyfies warm te hou. Ons het komberse, handgebreide truie, musse en warm klere uitgedeel wat deur die gemeenskap vir ons bymekaar gemaak of geskenk is. Dankie vir elke bydrae, dit maak 'n groot verkil in elkeen van hierdie kosbare kinders se lewens.



## Waterskoene vir die winter !



Ek hoor so gereeld iemand sê: As jou voete koud is, dan is jou hele lyf koud. Wat nog van koud en nat ! Daar is baie van ons kinders wat met stukkende skoene of geen skoene by ons aankom. Dit was ons begeerte om vir elke kind waterskoene te gee om die winter vir hulle makliker te maak.



Die Lions van Wellington het kom help en aan die begin van die winter is vir elkeen van ons kinders 'n paar waterskoene gegee. Die vreugde van die kinders was aansteeklik en die ouers se dankbaarheid baie groot.



# HEMELVAART op ‘n spesiale manier ...

**Hemelvaart Mei 2010 …**Vroegoggend het ons winterreën in vlae oor Wellington uitgesak. Dit was ‘n dag vir dankie sê en ons het besluit ons moet gaan sop deel met die mense in Egoli. Soos ons vorder met die emmers sop agter in die motor , val die reën al harder – my pa sou gesê het die sluise van die hemel het oopgegaan. Die kinders, grootmense en selfs die honde laat hulle nie keer deur die reën nie – hulle kom met leë houers en gaan met vol houers en harte terug huis toe. Daar is ‘n gemoedelike atmosfeer – ‘n dankbaarheid in elke voet wat deur die modderplasse aankom. En soos ons houers vol sop maak, maak die Here ons harte vol van liefde en dankbaarheid. Ons praat almal saam oor die Here en oor die seëninge wat hy so mildelik oor ons uitstort – niemand gee eens om vir die natreën nie - en hoe kouer en natter ons lywe word - hoe warmer en voller word ons harte...







”There will be showers of blessing, showers of blessing we need, mercy drops round us are falling, but for the showers we plead...” **Hierdie hemelvaart dag het die Here sy Gees van genade oor Egoli se mense uitgestort en ook oor elkeen van ons wat help sop uitdeel het - emmers vol vars genade.**

# Hemelvaart… ‘n lessie by Pikkieland speelskool



Ma’s-vi-Wellington het die voorreg gehad om genooi te word om die boodskap van hemelvaart aan ‘n plaaslike skooltjie in Wellington te bring.



# ‘n LANG SOKKER-VAKANSIE



… en toe kom die langverwagte sokker-vakansie van 2010 en dit  beteken dat baie van die kinders in die minderbevoorregte gebiede van Wellington maar op straat  speel en ook nie deel is van die voedingskemas wat hulle deur die kwartaal by die skole ontvang nie.



Ons het die **Spur** en **MiniMAX** in Paarl genader en hulle het dadelik ingestem om deel te wees van ’n spesiale dag vir die kinders van die Van Wyksvlei-area. Die MiniMAX Teater het 18 minderbevoorregte kinders bederf met ‘n fliek en daarna het hulle heerlike gesmul aan hamburgers en koeldrank  by die Spur.

# 21 Kilometer vir JESUS



Ons is as Liefdadigheids Organisasie deur die 2010  SAD halfmarathon ondersteun.

Die SAD het ons genooi om deel te wees van ‘n lekker sonskyndag en ons het die geleentheid benut deur die atlete aan te moedig d.m.v ’n teksvers wat ons op elke kilometer van die 21 kilometer langs die pad vertoon het.



## SAD HALF-MARAHTON

# BAIE DANKIE

vir jou bydrae en liefde vir

die kinders en Mamma's van Somalie en Zimbabwe wat in nood was.

## Ontmoet Maria...




**Maria is 23, 'n Zimbawiese mamma wat moes vlug vir haar en haar twee maande oue dogtertjie se lewens, nadat dit onveilig geword het in die gebied waar sy gebly het. Sy moes haar huisie verlaat sonder enige bottels, melk, doeke, klere vir haar of haar baba. Sy en haar baba was een van sewe kinders wat saam met 'n groep van sowat 150 mans en vroue tydelik in 'n groot saal by Antoniesvlei moes bly, nadat hulle met geweld die Sondag van die wêreldbeker eindstyd uit verskeie gebiede gejaag is.**

**Aangesien hulle gevlug het met geen besittings het die kinders geen ander klere gehad as die aan hulle lyf en julle weet hoe koud dit was. Letterlik YSkoud ! Daar was gee matrasse, komberse of selfs kos vir die kinders of melk vir die baba's nie.**

**Met 'n sms het ons toe aangevrae vir hulp en so het die Here Sy hand oop gemaak vir hierdie kosbare kinders en vrouens... ons kon vir elke kind 'n groot sak met klere, sokkies, skoentjies, kombersie ens. gee en natuurlik vir die baba's hulle babapap, doeke, melk, bottels . Ons het komberse, handoeke, en matrasse uitgedeel en klere vir die mans en vrouens. Dit was 'n voorreg om die dankbaarheid en verligting van mamma's te ervaar toe hulle, hulle kinders kon versorg, voed en warm aantrek.**

**DANKIE VIR JOU BYDRAE OM DIT MOONTLIK TE KON MAAK !!**


***LIEWE KINDERS, ONS LIEFDE MOENIE NET WOORDE EN LIPPETAAL WEES NIE,***

***MAAR MOET MET DIE DAAD BEWYS WORD, EN DAN IN OPREGTHEID.***

***1 JOHANNES 3:18***

# ONS HET JOU HULP NODIG !

- Smeer 'n brood (of twee): gesinne, individue of omgeegroepe kan gesmeerde brood en aanmaak koeldrank gee, wat op Dinsdae en/of Donderdae aan ons kinders uitgedeel sal word.
- Kom deel in die Jesus-lessie wat aangebied word. Jy hoef nie self die les aan te bied nie, kom deel jou liefde en drukkies! Die kinders is in groepies van 10 elk opgedeel en ons het jou hande en liefde nodig om 'n verskil te maak in ,n kind se lewe. Ons kom op Dinsdae en Donderdae, om 9:15 in die Colibrisaal, Egoli bymekaar.
- Borg 'n kind se etes vir R70,00 per maand.
- Skenk van voedsel en nie-bederfbare produkte - **VRUGTE** !
- Skenk Bybels, klere, komberse.
- Skenk skryfbehoeftes: verf, papier, klei, gom ens.
- Geldelike bydrae



## VIR MEER INLIGTING

Vir meer inligting of om in te teken op Ma's-vi-Wellington se nuusbrief, kontak Stephanie Henderson by 083 459 5961 / 021 873 2144 of masviwellington@telkomsa.net

Vir donasies of om 'n kind te borg vir 'n maand:

**Begunstigde:** Ma's vi Wellington **Bank:** ABSA **Rek. no:** 9193220237 **Bankkode:** 632005

Onthou asb om jou e-pos of selfoonnommer as verwysingsnommer te vermeld.

**Kom wees saam … JESUS se hande en voete !**